
Publication: RAPPORT
Date: 2015-07-26
Page: 9



Prof. Johan Degenaar in sy studeerkamer in sy huis in Stellenbosch. Regs is sy vrou, Jetty.

# 'n Rebel teen die dinkdiktators

**Johannes Degenaar: 1926 – 2015**

## Wie sal ná Degenaar die rebelleleiers wees? vra **Willie Esterhuyse.**

By die nuus van Johannes Degenaar se dood – "ontydig", soos iemand dit beskryf het – het ek aan die woorde van Vincent van Gogh in een van sy briewe gedink: Die mag van die woord is die lig van die wêreld.

Degenaar was 'n rebel deur middel van woorde. 'n Woordkunstenaar met 'n rebelse missie: om die lig van bevryding te laat skyn in 'n ideologies benepe Suid-Afrika. As dit só is dat woorde "werklikhede" skep, het hy op verbeeldingryke wyse 'n alternatiewe wêreld aan ons voorgehou – 'n wêreld verantwoordbaar in terme van 'n moreel aanvaarbare verstaan van reg en geregtigheid.

Hy was nie 'n politieke aktivis wat saam met ander, plakkate omhoog, in die strate betoog het nie. Hy het in woordbetoë uitgeblink: op papier, in lesinglokale, op platforms wat hom soms aangebied is. Sy "boodskap" was konsekwent: Bevry die dink van mense van ideologiese verslawing. Aanvaar en bevorder kritiese denke – en daarmee ook verdraagsaamheid.

Hy was, om dit só te stel, fel gekant teen dinkdiktatorskappe: in die kerk, in die party, binne volksgeledere, binne die universiteit, binne organisasies. Diktatorskappe waarin die "leidende ligte" hul volgelinge voorgesê het hoe om te dink en waaroor gedink moes word. Dié diktatorskap, waarin veral Afrikaners soos in een, groot en omvattende koukus opgesluit is, het hom mateloos ontstel. Soos wat die huidige dinkdiktatorskap van Luthuli-huis hom sou ontstel het.

'n Voorstelling deur Rory Pilgrim in die Van Gogh-museum, *Radical! Radical!*, wat van breekbare glas gemaak is na aanleiding van Van Gogh se woorde in sy brief, het my gehelp om Degenaar se woordrebellie beter te verstaan. Op een van die tollende glasartefakte staan geskryf: "Smash That Glass Ceiling!"

Dié slagkreet is dikwels deur menseregteaktiviste gebruik. Ook deur vroue om teen hul uitsluiting van hoë poste, veral in die sakewêreld, te protesteer. Op die ander glasartefak is daar twee hande wat 'n ontkiemende saad beskerm, verwysende na 'n metafoor wat Van Gogh ook in sy brief gebruik: lewe as 'n vorm van "ontkieming".

Die twee artefakte word verbind met die woord "radikaal" – oorspronklik, in Latyn, verwysende na dit ("wortel") wat noodsaaklik vir lewensprosesse is.

Was Degenaar "radikaal", soos wat hy vanuit konserwatiewe Afrikanernasionalistiese politieke en kerklike kringe geëtiketteer is? Beslis nie "radikaal" soos dié woord in polities revolusionêre kringe gebruik word nie. Eerder soos Pilgrim iets van Van Gogh probeer uitbeeld: Die glasplafon stukkend om nuwe, meer produktiewe en verantwoordbare moontlikhede te laat ontkiem.

Degenaar het in elk geval nie die arrogansie en selfvertroue van revolusionêre radikale geopenbaar nie. Dié is trouens soortgelyk aan die arrogansie en selfvertroue van politieke en godsdienstige fundamentaliste.

Friedrich Nietzsche het êrens geskryf dat jy nie 'n leermeester 'n guns bewys as jy slegs 'n dissipel bly nie. Ek wil dit graag uit persoonlike ervaring van Degenaar sê: Hy wou dat sy studente onafhanklik dink. Selfstandig. Sy lewenshouding was ook een van selfkritiek.

Daarom herinner hy my ook aan Vincent van Gogh, waarskynlik vanweë onlangse blootstelling aan die werke van dié heroïese én tragiese figuur. Dit is mos Van Gogh wat na aanleiding van die pryssang van 'n kunskritikus, Albert Aurier, in 'n brief geskryf het dat hy oor dié pryssang byna hartseer was. Dit is soos hy behoort te wees, maar hy voel selfs ietwat minderwaardig. Trots is immers soos drank: Dit bedwelm.

Waarmee Van Gogh wou sê: Ook dít is tydelik! Heroïsme bestaan nie vir altyd nie. Hy het natuurlik nie toe geweet dat hy, deur sy skilderye, "onsterflikheid" sou verwerf nie! 'n "Onthou" wat oor tyd- en kulturele grense loop.

> Aanvaar en bevorder kritiese denke – en verdraagsaamheid.

Hoe onthou ek Johannes Degenaar? Die jong dosent wat my, komende van Laingsburg in die Karoo, met sy woorde betower het, soms mateloos gefrustreer én geïrriteer het, dikwels geskok het, my – soos N.P. van Wyk Louw sou sê – "soos 'n hark met ses tot agt tande 'n mens se dink oophark", my met sy intellektuele eerlikheid uitgedaag het en met sy moedswillige, maar altyd beskaafde manier van optrede my soms ontstig het deur my gemaksone uit te daag?

Persoonlik dink ek graag aan Johannes Degenaar as 'n soort Vincent van Gogh: 'n Vernuwer, maar eers "later" in breë kringe ontdek én aanvaar. 'n Kunstenaar met woorde – metafore ingesluit. Ook 'n stukkie tragiek: Aanvaarding en erkenning in sy professionele leeftyd "uitgestel". Vir 'n nageslag om te onthou en te gedenk.

Degenaar het gesterf. Soos almal van ons moet sterf. Sy sterwe én nalatenskap roep 'n vraag op.

Wie sal vorentoe in ons jong demokrasie – wat tans wemel van dinkdiktators in die politiek, die sakesektor, die wêreld van die media en ander fasette van ons land – die rebelleleiers wees? Diegene wat die mag van die woord "lig" in ons land sal bring?

■ **Prof. Willie Esterhuyse is emeritus-professor in filosofie en sake-etiek aan die Universiteit Stellenbosch.**

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission*